# EVANGELISASIE

## WAAR IS DIE HERE AAN DIE WERK?

Wanneer Jesus sê: *Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.* (Markus 2:27), vertel Hy vir ons waarmee die Here besig is. En elke dag na hierdie woorde van ons Here Jesus is die Here steeds besig om sondaars na Hom te roep. Hiervoor gebruik die Here ook jou en my...in die omgewing waarin ons woon, werk en speel, kuier en oefen.

As gemeente is ons tans besig om mense na Jesus te roep ...

- *...in ons eie omgewing* (met onder andere ons verspreiding van Bybels en ons geselsies met mense tydens ons tweedehandse verkopings),
- *...in ons omliggende omgewing* (in onder andere Mmakau en deur die dienswerk van Giepie en die *Disciples Go Ministries*),
- *...in die buiteland* (met onder andere ons uitreik na Mosambiek).

Maar...tog mag daar nog ander plekke wees waar die Here besig is om te werk en waar Hy ons as gemeente wil gebruik in sy werk. Daarom is ons Evangelisasiekommissie tans besig om biddend te besin of en waar en hoe die Here ons in die jaar wat kom ook verder wil gebruik!

Hulle kan egter nie alleen besin nie, maar het nodig dat **elkeen in ons gemeente** sal **saam**-bid en **saam**-dink en **saam**-onderskei rondom die vraag:

*Waar is die Here besig en waar wil Hy ons as gemeente gebruik om sy Koninkryk te laat kom!*

Daarom wil die Evangelisasiekommissie vir JOU vra dat JY biddend sal besin oor waar die Here JOU wil gebruik en ook in JOU omgewing sal kyk na waar die Here besig is en ook waar Hy ONS as gemeente wil roep. As jy iets raaksien...laat weet asseblief vir Andries Leuschner (082 901 4988, Andriesleu@gmail.com) of Johnny Beumer (082 885 3573, beumerjohnny@gmail.com) of Johan Potgieter (082 770 4262, johan@skillsafrica.co.za) voor of op **Sondag 19 November**. Jy kan persoonlik met hulle praat of 'n e-pos of Whatsapp vir hulle stuur soos dit vir jou die beste is.

Mag ons elkeen deur die Gees gedring word om biddend te besin en mag die Gees ons geestesoë verhelder sodat ons sal kan raaksien waar ons Here besig is en ons wil gebruik!

